

ST. VIVIANE (BIBIANA | VIBIANA)

2 DESEMBER

(4de eeu)

Hierdie heilige maagd en martelares se naam kom voor in die “Liber Pontificalis” (Boek van die Pouse) waarin ons vertel word dat pous Simplicius (sterf 483) ’n basiliek op die Eskwilynse heuwel in Rome aan haar toegewy het. Volgens oorlewering was sy die dogter van ’n Romeinse prefek, Flavianus. Hy het Christen geword en is toe gemartel en verban. Tydens die vervolging van die Kerk onder keiser Julianus die Apostaat is Viviane in die jaar 363 gearresteer en gegesel totdat sy aan haar wonde beswyk het.

